# Hoërskool Jim Fouché

VOLUME 19 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 8 AUG 2025




## AUG

**9** LANDLOOP: VRYSTAAT

**15** BYBELOLIMPIADE

**16** RUGBYLIGS: FINAAL

### Volg JF SOSIALE MEDIA

- op Facebook @JFAmptelik
- op TikTok @jfamptelik
- op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

# 2025 Augustus

| MA | DI | WO | DO | VR | SAT | SON |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 GR.9: INTEGRITEIT | 5 GR.9: INTEGRITEIT<br>ATKV Redenaars - finaal | 6 GR.9: INTEGRITEIT<br>JFFJ | 7 GR.9: INTEGRITEIT | 8 LANDLOOP:LIGA 7 | 9 LANDLOOP: VRYSTAAT KAMPIOENSKAP<br>RUGBY: LIGA SEMIFINAAL | 10 |
| 11 GR. 9:OMGEEWEEK<br>Proe-aand | 12 GR. 9:OMGEEWEEK<br>ATKV: TIENERSTONEEL | 13 ATKV: TIENERSTONEEL<br>JFFJ | 14 Tennis:Marilie Moolman Toernooi<br>ATKV:Uitklopspel<br>ATKV: TIENERSTONEEL<br>JFFJ<br>JFEJ: Balkieseremonie | 15 Tennis:Marilie Moolman Toernooi<br>ATKV: TIENERSTONEEL | 16 Tennis:Marilie Moolman Toernooi<br>BYBELOLIMPIADE: BEKENDSTELLING OLIMPIADE:BYBEL<br>Rugbyliga :Finaal | 17 |
| 18 GR.8: LOJALITEIT<br>FAK: TIENERSTONEEL<br>OPPITONGAF: NASIONAAL | 19 GR.8: LOJALITEIT<br>FAK: TIENERSTONEEL<br>OPPITONGAF: NASIONAAL | 20 JFFJ<br>OPPITONGAF: NASIONAAL | 21 Gr 11: Persoonlikheidsontwikkelingkamp<br>Tennis: Sentraal-toernooi<br>OPPITONGAF: NASIONAAL | 22 Gr 11: Persoonlikheidsontwikkelingkamp<br>Tennis: Sentraal-toernooi<br>KOSKASDAG<br>OPPITONGAF: NASIONAAL | 23 Gr 11: Persoonlikheidsontwikkelingkamp<br>Tennis: Sentraal-toernooi<br>WISKUNDE: NAUTILUS<br>Rugby: Koviesliga<br>OPPITONGAF: NASIONAAL | 24 Gr 11: Persoonlikheidsontwikkelingkamp |
| 25 GR 12: REKORDEKSAMEN<br>OPPITONGAF: NASIONAAL | 26 OPPITONGAF: NASIONAAL | 27 BELLISSIMA: KONSERT<br>OPPITONGAF: NASIONAAL | 28 BELLISSIMA: KONSERT<br>OPPITONGAF: NASIONAAL | 29 SKAAK-LIGA | 30 SKAAK-LIGA<br>Rugby: Koviesliga | 31 |




SPORT & KULTUUR DINEE
5 SEPT 2025



# UIT DIE HOOF SE KANTOOR


***Die eerste gedagte wat by my opkom terwyl ek hierdie weekbrief begin skryf, is dankbaarheid.*** *Die Wesgrow Sentrale Sportreeks het die afgelope naweek teen Goudveld klaar gemaak, en nou wag ons in spanning om te sien watter spanne en sportsoorte as oorwinnaars uit die stryd getree het. Die seuns en dogters van JF het hulself uitstekend van hul taak gekwyt en tot op die heel einde hul beste gelewer.*

*JF is baie trots op elke JF'er wat ons skool se naam hoog gehou het. Ons grootste dankie sê gaan egter aan ons Hemelse Vader wat ons deur soveel speelure en ure op die pad beskerm het!*

*Die hokkie- en rugby se uitspeelwedstryde in die stadsliga vind in die volgende paar weke plaas. Ons hou styf duimvas vir elke span en speler, en mag die 2025 winterseisoen op 'n hoë noot eindig. Baie dankie aan alle leerders, ouers en ondersteuners wat die beeld van JF op en langs die bane en velde koester en die naam van ons skool beskerm. Dit word raakgesien en nie as vanselfsprekend aanvaar nie*

*Die twee dramagroepe ("Bloedval" en "Wanneer die wind draai") het ook die afgelope naweek gaan deelneem aan die Frasenburg dramafees, terwyl die ATKV Tienertoneelkompetisie om die draai lê. Die harde werk wat jul ingesit het, sal definitief beloon word. Die kultuur by JF is aan die brand en daar word uitgesien na die kultuursaal waar die kultuur van JF op die voorgrond geplaas gaan word.*

Baie geluk aan die top 10 akademiese leerders wat in elke graad aangewys is. Jul prestasies is uitstekend. Ook baie geluk aan elke leerder wat volgens potensiaal en met baie harde werk akademies presteer het. Ons is baie trots op julle! Van die leerders wat in die gevaarsone is. . . Dit is nooit te laat nie. Ek glo u as ouers het van die geleentheid gebruik gemaak om die




onderwysers tydens die oueraand te ontmoet en belangrike kwessies rakende u kind se akademie te bespreek.

Die proses om die begroting van 2026 op te stel het ook hierdie week afgeskop. JF is opreg dankbaar vir baie kundige persone wat hierby betrokke is. Die skool se finansies is gesond en dit sou nie moontlik kon wees sonder deeglike beplanning en elke ouer/voog se getroue betaling van skoolgeld nie! Baie baie dankie...

**Ek sluit af met die volgende aanhaling:**

**"The adventure of life is to learn.**
**The purpose of life is to grow.**
**The nature of life is to change.**
**The challenge of life is to overcome.**
**The essence of life is to care.**
**The opportunity of life is serve.**
**The secret of life is to dare.**
**The spice of life is to befriend.**
**The beauty of life is to give."**



**Vriendelike JF-groete**
**Henri Wilken**

# ʼn Vrou

Aan elke vrou:
Geniet
Vrouedag!
Saterdag
9 Aug

*Haar hart is sag soos satyn*
*Haar woorde is skoon en rein*
*Sy bou met haar mond*
*en praat deur die dade van haar hande*
*Haar siel is soos ń beker vreugde*
*Haar doel is onvermydelik*

*Sy sien seer in storms en ondersteun*
*Luister is haar pynpleister*
*en haar arms troos die trane*

*Sy sal haar hande saam slaan*
*en op haar knieë vir haar naaste veg*
*want dit is wie sy is*

*Sterk*
*Sagmoedig en*
*Wys*

*Ja, haar hart is klein*
*maar haar liefde groot*
*Sy is ń vrou*



Oester

*Rizé Bierman*



# MA'S WAT OMGEE



**Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof.**

**HEB. 12:1**

# AKADEMIESE PRESTEERDERS

## GRAAD 12 2025 KWARTAAL 2

96,4%

1ST



JACO DEYSEL

94,1%

2



JANELI SAAIMAN

94%

3RD



AMONÉ VERWEY



WIHAN COERTZEN



JANAH SWARTS



JD ROUX



NIQLYNN COETZEE



LILY BASTONE



GARRAN GRACE



CARLI MOMBERG

*---SAAI OM TE OES---*

# AKADEMIESE PRESTEERDERS

93,0% — 1st — ROLANI VAN DEN BERG

91,1% — 2 — BENEDETTE VAN TONDER

91,0% — 3rd — MINKE LABUSCHAGNE

MIA JONAS

ANSJE BEKKER

## GRAAD 11 2025 KWARTAAL 2

NIEL WILKEN

KARLIN WEPENER

GINÉ LOOTS

ALINCA SMIT

MELANI SLABBERT

GERMARI VENTER

---SAAI OM TE OES---

# AKADEMIESE PRESTEERDERS

94,9% — 1st — CHENIQUE ERASMUS

94,1% — 2 — JOMARI SIEBERT

92,1% — 3rd — MINETTE WESSELS

LINEÉ LUBBE

MARLI NIEMAND

## GRAAD 10 2025 KWARTAAL 2

FRANCO DE NECKER

JOSUA DEACON

RIZÉ BIERMAN

NATASHA DE WAAL

NIEKE LAUBSCHER

---SAAI OM TE OES---

# AKADEMIESE PRESTEERDERS



93,0% — 1ST — NICOLE VAN SCHALKWYK

91,0% — 2 — TRISTAN AUCAMP

89,8% — 3RD — HAYLEY STOLTZ

ELSHARI PIETERSEN

JANCO PRETORIUS

LUNIEL LABUSCHAGNE

## GRAAD 9 2025 KWARTAAL 2



DIVAN VAN HEERDEN

EDRICH HOTLZHAUSEN

CARNÉ VAN ASWEGEN


SUNÉ GOUWS

LEREZA POTGIETER

LIENKE KOLVER

---SAAI OM TE OES---

# AKADEMIESE PRESTEERDERS



92,6% — 1ST — MARLA KRUGER

90,8% — 2 — JEAN-DRÉ STEYN

90,6% — 3RD — KAITLIN LUYT


IVAN VAN TOL

HENRO LOUBSER

IMONÉ MARAIS

REINHART KROG

## GRAAD 8 2025 KWARTAAL 2



JAY LE ROUX

CARLA VAN NIEKERK

MCKAYLA ARENDS

WERNÉ VERMAAK

JOAH DE VILLIERS

RUWAN VAN NIEKERK

JEAN VAN SCHALKWYK

---SAAI OM TE OES---

# Akademie

## ESKOM EKSPO

# Jim Fouchéblink uit tydens 2025 se Eskom Ekspo streekbyeenkoms

Jim Fouché blink uit tydens 2025 se Eskom Ekspo streekbyeenkoms
Twee leerders van Hoërskool Jim Fouché het vanjaar aan die streeksbyeenkoms deelgeneem, waarvan beide skitterende uitslae opgelewer het.

Jaco, 'n graad 12-leerder, het in die Rekenaarwetenskappe-afdeling deelgeneem met sy projek wat handel oor enkripsie, waar hy ‘n nuwe soort enkripsiemodel voorgestel het om ‘n vinniger enkripsiespoed vir kleiner besighede te verseker – 'n onderwerp van groot belang in kuberveiligheid! Hy is Saterdag tydens die geleentheid beloon met ‘n goue medalje, beste projek in Rekenaarwetenskappe-afdeling en spesiale prys van Enkindle Robotics. Boonop het Jaco sy Ekspo-loopbaan met ‘n hoogtepunt afgesluit deur die beste senior projek toekenning te kry, wat beteken dat hy algeheel die Streeksekspo gewen het! Jaco is ook as gasspreker tydens die geleentheid opgetree om sy reis te deel.




Charlotte Gibbens, ‘n graad 8-leerder, het in die Ingenieurswese-afdeling deelgeneem met haar projek: “Eco-friendly Slumgum Fire Starter.” Charlotte het 'n volhoubare oplossing ontwikkel deur slumgum ('n afvalproduk van byewasverwerking) te herwin in 'n omgewingsvriendelike vuuraansteker wat kommersiële vuuraanstekers laat skaam kry met brandtyd. Haar projek het lof ontvang vir die kombinasie van innovasie, volhoubaarheid en praktiese toepassing. Charlotte se werk dra nie net by tot omgewingsbewustheid nie, maar wys ook hoe jong wetenskaplikes reeds oplossings vir werklike probleme kan bied. Sy is Saterdag tydens die geleentheid beloon met ‘n Silwer medalje en spesiale prys van die Universiteit van die Vrystaat se Fisika Departement.

Beide leerders het met hul toewyding, kreatiwiteit en harde werk bewys dat wetenskap en tegnologie lewendige, opwindende velde is waarin jong mense 'n verskil kan maak. JF wag in spanning om te hoor of een van dié twee leerders sal deurdring na die International Science Fair (ISF) in Oktober.

# Akademie

# EKSTRAKLASROOSTER

## VERPLIGTE KLASSE SLEGS VIR GRAAD 12

(Dit is vir die voltooiing van sillabusse)

| **Vak** | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** |
|---|---|---|---|---|
| **Fisiese Wetenskap** | | 06:30 – 07:20<br>Me. M Smit | | |
| **Kuns** | Prakties gr. 10-12<br>14:00 – 15:30<br>Soos gereël met<br>Me. A Opperman | | Prakties gr. 10-12<br>14:00 – 15:30<br>Soos gereël met<br>Me. A Opperman | Prakties gr. 10-12<br>14:00 – 15:30<br>Soos gereël met<br>Me. A Opperman |
| **Lewens-wetenskap** | 13:50 – 14:50<br>Me. J Laning | 13:50 – 14:50<br>Me. A van Rooyen<br>Me. L Vermeulen<br>Me. J Laning | | |

## VRYWILLIGE KLASSE VIR EKSTRA HULP (Alle grade)

| **Vak** | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | Graad 8<br>13:45 – 14:30<br>Me. L Loubser<br>Me. E Delport | Graad 8<br>13:45 – 14:30<br>Me. C Smit<br>Me. E Delport | Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. L Loubser<br>Me. E Delport | Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. C Smit<br>Me. E Delport |
| Fisiese Wetenskap | | Graad 11<br>13:45 – 14:30<br>Me. M Smit | Graad 10<br>13:45 – 14:30<br>Me. A Nel | Graad 12<br>13:45 – 14:30<br>Me. M Smit |
| Lewens-wetenskap | | | Graad 11<br>13:50 – 14:50<br>Me. L Vermeulen | Graad 10<br>13:50 – 14:50<br>Me. V. Gouws |
| Wiskunde | Graad 8<br>13:45 - 14:30<br>Me. A. Nel<br>Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. C. Wagener<br>Graad 10<br>13:45 – 15:00<br>Me. M. van Wyk | Graad 8<br>13:45 – 14:30<br>Mnr. J Fourie | Graad 8<br>13:45 - 14:30<br>Me. A. Fourie<br>Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. N. van Staden<br>Graad 12<br>13:45 – 15:00<br>Me. M van Wyk | Graad 11<br>13:50 – 14:30<br>Me. J. Koekemoer<br>Graad 12<br>13:45 – 15:00<br>Me. M van Wyk |

UIT DIE KANTOOR VAN DIE LOO

LEERDER
ONDERSTEUNING
ONTWIKKELING

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

# SKERMTYD EN TIENERS: HOEVEEL IS TE VEEL?



In 'n wêreld waar tegnologie deel is van amper elke aspek van die lewe, is dit nie vreemd dat tieners ure voor skerms deurbring nie – of dit nou vir skoolwerk, sosiale media, speletjies of ontspanning is. Maar hoe weet 'n ouer wanneer dit te veel raak?

## Die impak van oormatige skermtyd

Navorsing toon dat oormatige skermtyd gekoppel kan word aan slaapprobleme, angs, depressie, en 'n afname in fisieke aktiwiteit. Veral sosiale media kan tieners beïnvloed op maniere wat hul selfbeeld en geestesgesondheid raak.

## Hoeveel is genoeg?

Daar is nie 'n een-grootte-pas-almal antwoord nie, maar kenners beveel aan dat tieners nie meer as 2 tot 3 ure se ontspannings-skermtyd per dag het nie. Skoolwerk op 'n skerm tel natuurlik nie hierby nie.

## Wenke vir ouers

· Stel duidelike grense: Besluit saam met jou tiener oor toepaslike skermtyd en reëls.
· Wees 'n voorbeeld: Jou eie skermgebruik het 'n invloed op jou kind.
· Skermvrye sones: Stel plekke soos die eetkamer of slaapkamers as skermvrye areas.
· Gesels gereeld: Vra jou tiener wat hulle aanlyn doen en wys opregte belangstelling.

Die doel is nie om tegnologie heeltemal te verbied nie, maar om gesonde gewoontes te vestig. Skermtyd kan positief wees – solank dit gebalanseer word en bewustelik hanteer word.

**Wenke vir ouers**

- Stel duidelike grense: Besluit saam met jou tiener oor toepaslike skermtyd en reëls.
- Wees 'n voorbeeld: Jou eie skermgebruik het 'n invloed op jou kind.
- Skermvrye sones: Stel plekke soos die eetkamer of slaapkamers as skermvrye areas.
- Gesels gereeld: Vra jou tiener wat hulle aanlyn doen en wys opregte belangstelling.



# Kultuur

# KUNSTE AKADEMIE

***'Every artist was first an amateur' – Ralph Waldo Emerson***

Jim Fouché se Kunste Akademie bied 'n wye verskeidenheid kunsvorms aan. Om deel van die Kunste Akademie te wees moet elke leerder 'n bedrag van R150 registrasie betaal (Karri app). Dit is op Karri of by Juf Ilse (kontant) betaalbaar.

**Vir enige navrae, kontak Ilse Fourie (Kunste Akademie hoof).**
**066 231 9012 (ilsefourie@jimfouchehs.com)**

Die volgende aktiwiteite word aangebied:




| Aktiwiteit | Kontakpersoon / Besonderhede | |
|---|---|---|
| Sang/Musiek Agste vak | Ilse Fourie | 066 231 9012 |
| Klavier, teorie, viool, Ukulele | Belinda Raath | 076 708 1940 |
| Drama | Elizri Malan | 062 023 6958 |
| Kuns | Adéle Opperman-Marais | 082 213 1345 |
| Dans | Santie van Biljon | 078 666 8140 |
| Dromme / Kitaar | Creare | 082 887 3001 |
| Kitaar | Dirk Kotze-Blaauw | 082 855 3186 |
















# Voortrekkers

Baie geluk aan die leerders wat hulle Presidentverkennerstoekenning ontvang het.

*Voor links na regs:*
**Edane Human JF,**
**Dylan Heckroodt (tuisonderrig)**
*Middel links na regs*
**Zelne Gerber JF,**
**Corne Heckroodt Offisier,**
**Simone Visser JF,**
**Anri Steyn (tuisonderrig)**
*Agter*
**Regard Becker JF**

HOU KOERS

#trotsJF


PROEAAND
2025
Afrikaans
100
Jaar
8 Mei 2025
11 AUGUSTUS 2025
JIM FOUCHÉ HOËRSKOOL SAAL
18:30
R60 PER KOP
Kom proe en geniet van meer as 'n 100 versnapperings
AFRIKAANS
AMPTELIK 100
Afrikaans
HOU KOERS
Die Voortrekkers
GESTIG 1982 - VOORSLAG VOORTREKKERS

UITSLAE

FRASERBURG LOGAN TONEELFEES

# TIENERTONEEL 2025

## BLOEDVAL

**Produksie:**

Elizri Malan - regisseur - Goud
Beligtingsontwerp - Silwer
Klankbaanontwerp - Silwer
Kostuumontwerp - Silwer
Stelontwerp - Brons

**Algeheel - nominasies in die top 5:**

Bloedval - Beste ensamble
Bloedval - Beste regisseur: Elizri Malan
Bloedval - Beste byspeler (aktrise): Suné Deacon
Bloedval - Beste byspeler (akteur): Jandré van der
Bloedval - Beste produksie

**Toneelspel:**

Jandré van der Walt - Silwer
Suné Deacon - Silwer
Elanelle Strydom - Brons
JD Joubert - Bror
Ensamble - Goud





## WANNEER DIE WIND WAAI



**Produksie:**

Stella Nortier vir regie: Brons
Izette Blignaut & Stella Nortier as Dramaturg: Brons
Klankontwerp - Eduan Wolfe & Stella Nortier: Brons
Beligtingsontwerp - Stella Nortier: Silwer
Dekor - Stella Nortier: Silwer
Kostuumontwerp - Danielle Nortier & Stella Nortier: Brons

#trotsJF

**Toneelspel:**

Kaylee Coetzee vir spel: Silwer
Dian van Wyk vir spel: Silwer
Ensamble: Silwer









# Bellissima bied aan:

# Huis Horison





Kaartjies is op Karri of by Juffrou Ilse (k.1) beskikbaar.

Golden Circle - R120
Gewone kaartjie - R80

Gaan bespreek jou plek by Juffrou Ilse.


18:30

JF-skoolsaal

## 28 & 29 Augustus 2025


RAAK DEEL VAN DIE
BOEK
KLUB

# BOEK-N'- SELFIE



Boek + selfie = groot "boekloning"
Beste selfie wen!



Neem 'n selfie saam elke boek wat jy al die jaar gelees het en stuur dit op die boekklub groep om in aanmerking te kom om 'n prys te wen.

# LIGA-Bepalings

HOERSKOOL JIM FOUCHE

SAAI OM TE OES


WES grow EST. 1964

| | | |
|---|---|---|
| 15 MAART | JF vs. TRIO | (W) |
| 21 MAART | JF vs. VOORTREKKER | (T) |
| 12 APRIL | JF vs. FICHARDTPARK | (T) |
| 17 MEI | JF vs. SENTRAAL | (T) |
| 31 MEI | JF vs. DIAMANTVELD | (W) |
| 26 JULIE | JF vs. WITTEBERG | (W) |
| 2 AUGUSTUS | JF vs. GOUDVELD | (T) |

UFS
novus media community news

jf.co.za

# RUGBY



2025
H/S JIM FOUCHÉ
RUGBYKALENDER
GREEN MACHINE
FEBRUARIE
22 PRES. SPORT
MAAR
01 FICHAR SPORTDAG
08 WEG BURGERSDORP
15 WEG TRIO
21 TUIS VOORTREKKER
30 GLENWOOD TOER
APRIL
12 TUIS FICHARDTPARK
30 BERGSIG TOER
MEI
10 TUIS HTS LOUIS BO
17 TUIS SENTRAAL
24 TUIS LANDBOUD
31 WEG DIAMANTVEL
JULIE
26 WEG WITTEBERG
AUG/SEPT
02 TUIS GOUDVELD
09 TBC LIGA SEMI-FINAAL
09 TBC LIGA FINAAL
SUPERSPORT SCHOOLS
KONICA MINOLTA
KovsieSport
UFS


RUGBY

# SPORT

## TENNIS

| | | |
|---|---|---|
| 13 Augustus | JF vs DIAMANTVELD | TUIS |
| 20 Augustus | JF vs SPS BRANDFORT | TUIS |
| 27 Augustus | SENTRAAL vs JF | WEG |
| Sep 10, 2025 | ------ | |
| Sep 17, 2025 | JF vs SPS BRANDFORT 2 | TUIS |

## SEUNS



# 3de LIGA KW 3

## DOGTERS

| | | |
|---|---|---|
| 6 Augustus | OMS F vs JF | WEG |
| 13 Augustus | SENTRAAL vs JF | WEG |
| 20 Augustus | ZASTRON vs JF | WEG |
| 27 Augustus | JF VS LANDBOUDAL | TUIS |
| Sep 3, 2025 | ST. MICHAEL’S vs JF | WEG |
| Sep 10, 2025 | ------- | |
| Sep 17, 2025 | JF vs SPS BRANDFORT | TUIS |

#trotsJF


# SPORT

#trotsJF #trotsJF #trotsJF #trots

AJ Theron het die Vrystaat by die Suid-Afrikaanse *Duathlon*-kampioenskappe verteenwoordig.

Die kampioenskappe het op 12 Julie 2025 in Hoekwil in die Wes-Kaap plaasgevind.

Hy eindig 12de in sy kategorie (16 - 17 jr.)




## GEVEGSKUNS

Denica en Janco Scheepers het op 27 Julie 2025 aan die ATA SA te Kroonstad deelgeneem.
Hulle presteer soos volg:

Denica:

*Traditional Taekwondo form* - 1ste (goud)
*Traditional weapon form* - 1ste (goud)
*Traditional combat weapon* - 1ste (goud)
*Traditional sparring* - 1ste (goud)

Janco:

*Traditional Taekwondo form* - 1ste (goud)
*Traditional weapon form* - 2de (silwer)
*Traditional combat weapon* - 1ste (goud)
*Traditional sparring* - 1ste (goud)



## SANESA PERDRY

Chy-Ann Muller en Jo-Anne du Plessis het op 26 & 27 Julie aan die SANESA *Qualifier* 5 in Bloemfontein deelgeneem.

Hulle presteer soos volg:

Chy-Ann:
*Performance Riding Level 3* – 1ste
*Dressage Novice Test 3* – 2de
*Equitation* – 2de
*Showjumping* – 4de

Jo-Anne:
*Dressage* - 3de








# SPORT

## POTSPEL

**DARIUS CROWTHER IS AANGEWYS AS DIE BESTE SPELER VAN DIE LIGA.**


Jim Fouché 1 [16 - 9] Sentraal 1
Jim Fouché 2 [12 - 13] Dr. Viljoen 2
Jim Fouché 3 [10 - 15] Sand du Plessis 2

Hoërskool Jim Fouché 1 wen die stadsliga se A-afdeling.



## LANDLOOP

### Liga 7 - 25 Julie 2025



Safiya Sampson het 'n 4de plek behaal in die 4km o/14 dogters met 'n tyd van 19.19.

Liané van Zyl het 'n 6de plek behaal in die 4km dogters o/14 met 'n tyd van 19.56.



Rukayiya Sampson het 11de plek behaal in die 4km dogters 0/15 met 'n tyd van 23.32.

Danell Oelofse het 'n 1ste plek behaal in die 4km dogters o/17 met 'n tyd van 15.41.



Ons wil ook aan al die landlopers wat aan die Vrystaat-kampioenskappe op 9 Augustus gaan deelneem, sterkte toewens. Dit gaan op die Universiteit van die Vrystaat se sportgronde plaasvind

#trotsJF



# SPORT

## DANS

**Baie geluk aan Carla Smit wat aan die Acro dans kompetisie deelgeneem het.**
**Vrystaatkleure**
**Op SA's 9.15 uit 10 vir level 7**



**Classique in Jhb 26/07**
Disco Slow 3de
Disco Solo 3de
Slowdance 3de
Freestyle 4de
Freestyle World Qualifier 4de
Prem Champ
***Free State Provincia*l uitslae**
Disco Slow – 2de
Disco Solo – 2de
Freestyle – 2de
Slowdance – 3de

**Baie geluk aan Jomari Siebert wat aan die Free State Dance Awards deelgeneem het. Sy verwerf 'n silwer vir Musical Theatre en vir Hip-Hop en goud vir haar Tap en Modern.**
**Baie geluk aan Meriska Lobb wat aan die Winter Champs deelgeneem het en die volgende toekennings verwerf het:**
**Special award vir stage presentation**
**Tap - Silwer**
**Musical theater - Silwer**





**ARTS FESTIVAL DANS KOMPETISIE**
**Makayla Harris het deelgeneem aan die Aarts festival danskompetisie. Sy verwerf 'n A+ Lyrical Novice Solo. Baie geluk!**

#trotsJF

# HOKKIE



22 Julie
14 B Dogters verloor 1 – 3 teen CBC

23 Julie
16 C Dogters verloor 2 – 3 teen Sent C
14 A Seuns wen 4 – 0 teen Saints 14 B
1ste Seuns wen 1 – 0 teen Saints 2
16 A Seuns verloor 1 – 4 teen Grey A

24 Julie
16 A Dogters verloor 0 – 1 teen EHS A
16 C Dogters speel gelyk 0 – 0 teen Dr Viljoen
18 C Dogters speel gelyk 0 – 0 teen SduP
16 B Dogters verloor 0 – 7 OMS (Semi-finaal)

#trotsJF





# WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

## 25 - 26 JULIE 2025 - HOËRSKOOL WITTEBERG





UFS skilltracer Achievers in Motion novus media community news vkb

# WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

## SATERDAG 26 JULIE 2025 - HOËRSKOOL WITTEBERG

WITTEBERG VS JIM FOUCHÉ

# UITSLAE: RUGBY

| | | |
|---|---|---|
| 24 | WITTEBERG o/14B vs. JF o/14B | 36 |
| 45 | WITTEBERG o/14A vs. JF o/14A | 15 |
| 33 | WITTEBERG o/15B vs. JF o/15B | 14 |
| 31 | WITTEBERG o/15A vs. JF o/15A | 0 |
| 17 | WITTEBERG o/16A vs. JF o/16A | 31 |
| 46 | WITTEBERG o/16B vs. JF o/16B | 33 |
| 50 | WITTEBERG o/19C vs. JF o/19C | 12 |
| 22 | WITTEBERG o/19B vs. JF o/19B | 17 |

**35** VS **18**

UFS skilltracer Achievers in Motion novus media community news vkb

# WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

## SATERDAG 26 JULIE 2025 - HOËRSKOOL WITTEBERG

PERSEQUOR

WITTEBERG VS JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES

WES grow EST. 1964

# UITSLAE: HOKKIE

DOGTERS

| | | |
|---|---|---|
| 0 | WITTEBERG o/14B Dogters vs. JF o/14B Dogters | 2 |
| 5 | WITTEBERG o/14A Dogters vs. JF o/14A Dogters | 0 |
| 0 | WITTEBERG o/16A Dogters vs. JF o/16A Dogters | 1 |
| 0 | WITTEBERG o/16B Dogters vs. JF o/16B Dogters | 1 |
| 0 | WITTEBERG o/19C Dogters vs. JF o/19C Dogters | 3 |
| 1 | WITTEBERG o/19B Dogters vs. JF o/19B Dogters | 3 |

| | | |
|---|---|---|
| 3 | WITTEBERG VS JIM FOUCHÉ | 1 |

UFS skilltracer Achievers in Motion novus media community news vkb

# WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

## 25-26 JULIE 2025 - HOËRSKOOL WITTEBERG

PERSEQUOR

WITTEBERG

VS

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

JIM FOUCHÉ

WES grow EST.1964

# UITSLAE: HOKKIE

SEUNS

| | | |
|---|---|---|
| 0 | WITTEBERG o/14A Seuns vs. JF o/14A Seuns | 6 |
| 0 | WITTEBERG o/16A Seuns vs. JF o/16A Seuns | 3 |
| 0 | WITTEBERG o/16B Seuns vs. JF o/16B Seuns | 8 |
| 0 | WITTEBERG o/19B Seuns vs. JF o/19B Seuns | 0 |

**0** PERSEQUOR VS HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ SAAI OM TE OES **8**

UFS skilltracer Achievers in Motion novus media community news vkb

# WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

SATERDAG 26 JULIE 2025 – HOËRSKOOL WITTEBERG

WITTEBERG VS JIM FOUCHÉ

## UITSLAE: NETBAL

| | | |
|---|---|---|
| 0 | WITTEBERG o/14D vs. JF o/14D | 20 |
| 4 | WITTEBERG o/14C vs. JF o/14C | 22 |
| 14 | WITTEBERG o/14B vs. JF o/14B | 16 |
| 21 | WITTEBERG o/14A vs. JF o/14A | 14 |
| 4 | WITTEBERG o/15D vs. JF o/15D | 7 |
| 6 | WITTEBERG o/15C vs. JF o/15C | 28 |
| 28 | WITTEBERG o/15B vs. JF o/15B | 10 |
| 23 | WITTEBERG o/15A vs. JF o/15A | 16 |

UFS skilltracer Achievers in Motion novus media community news vkb

# WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

## SATERDAG 26 JULIE 2025 – HOËRSKOOL WITTEBERG

WITTEBERG VS JIM FOUCHÉ

# UITSLAE: NETBAL

| | | |
|---|---|---|
| 12 | WITTEBERG o/16B vs. JF o/16B | 26 |
| 17 | WITTEBERG o/16A vs. JF o/16A | 30 |
| 16 | WITTEBERG o/19D vs. JF o/19D | 18 |
| 9 | WITTEBERG o/19C vs. JF o/19C | 27 |
| 22 | WITTEBERG o/19B vs. JF o/19B | 18 |
| 20 | VRIENDSKAPLIK WITTEBERG o/19B vs. JF o/17A VRIENDSKAPLIK | 15 |

| | | |
|---|---|---|
| 42 | VS | 42 |

UFS skilltracer Achievers in Motion novus media community news vkb

# WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

## 1 – 2 AUGUSTUS: HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ





novus media community news
vkb
skilltracer Achievers in Motion
UFS

# WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ vs GOUDVELD-HOËRSKOOL

WES grow EST. 1964

## UITSLAE: RUGBY

| | | |
|---|---|---|
| 38 | JF o/14 A vs. Goudveld o/14 A | 0 |
| 24 | JF o/15 A vs. Goudveld o/15 A | 14 |
| 24 | JF o/15 B vs. Goudveld o/15 B | 7 |
| 43 | JF o/16 A vs. Goudveld o/16 A | 19 |
| 31 | JF o/16 B vs. Goudveld o/16 B | 12 |
| 10 | JF o/19 C vs. Goudveld o/19 C | 47 |
| 10 | JF o/19 B vs. Goudveld o/19 B | 26 |
| 44 | Eerste span vs Eerste span | 38 |

novus media community news · vkb · skilltracer Achievers in Motion · UFS

# WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ vs GOUDVELD-HOËRSKOOL

# UITSLAE: NETBAL

| | | |
|---|---|---|
| 27 | JF o/14 A vs. Goudveld o/14 A | 15 |
| 22 | JF o/14 B vs. Goudveld o/14 B | 7 |
| 33 | JF o/14 C vs. Goudveld o/14 C | 4 |
| 23 | JF o/15 A vs. Goudveld o/15 A | 15 |
| 15 | JF o/15 B vs. Goudveld o/15 B | 9 |
| 30 | JF o/15 C vs. Goudveld o/15 C | 2 |
| 30 | JF o/16 A vs. Goudveld o/16 A | 10 |
| 42 | JF o/16 B vs. Goudveld o/16 B | 5 |
| 44 | JF o/16 C vs. Goudveld o/16 C | 0 |
| 22 | JF o/17 A vs. Goudveld o/17 A | 19 |
| 12 | JF o/19 D vs. Goudveld o/19 D | 16 |
| 23 | JF o/19 C vs. Goudveld o/19 C | 8 |
| 20 | JF o/19 B vs. Goudveld o/19 B | 23 |
| 50 | Eerste span vs Eerste span | 40 |

novus media community news · vkb · skilltracer Achievers in Motion · UFS

# WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ vs GOUDVELD-HOËRSKOOL

WES grow EST. 1964

## UITSLAE: HOKKIE

### SEUNS

| | | |
|---|---|---|
| 3 | JF o/14 A vs. Goudveld o/14 A | 0 |
| 9 | JF o/16 A vs. Goudveld o/16 A | 0 |
| 1 | JF o/19 B vs. Goudveld o/19 B | 1 |
| 3 | Eerste span vs Eerste span | 0 |

## UITSLAE: HOKKIE

### DOGTERS

| | | |
|---|---|---|
| 0 | JF o/14 A vs. Goudveld o/14 A | 1 |
| 9 | JF o/14 B vs. Goudveld o/14 B | 1 |
| 5 | JF o/16 A vs. Goudveld o/16 A | 0 |
| 6 | JF o/16 B vs. Goudveld o/16 B | 0 |
| 5 | JF o/19 C vs. Goudveld o/19 C | 0 |
| 2 | JF o/19 B vs. Goudveld o/ 19 B | 0 |
| 1 | Eerste span vs Eerste span | 2 |

# HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

## SPORTBORGE 2025

## RUGBY - NETBAL - HOKKIE

KONICA MINOLTA

Bidvest

KWIKSPAR
GARDENIA

SHC CONSULTING ENGINEERS

STONEY'S
Wheel & Tyre

# LEKKER ETES TEEN BEKOSTIGBARE PRYSE!



**HUIS ANTON VAN WYK BIED VARS, SMAAKLIKE KOSHUISETES ÉN ETES VIR SPESIALE GELEENTHEDE!**

**MIDDAGETE: SLEGS R30**
**AANDETE: SLEGS R50**

**ONS VOORSIEN OOK SPYSKAARTE VIR FUNKSIES, VERGADERINGS EN ANDER SPESIALE OOMBLIKKE.**

## Huis Anton van Wyk

**KONTAK ANNETTE MAARTENS VIR MEER INLIGTING EN BESTELLINGS:**
**084 886 7419**
**ANNETTEMAARTENS@JIMFOUCHEHS.CO.ZA**

**JOU HUIS WEG VAN DIE HUIS!**


PETTE R166
VISOR R166
ONDERSTEUNERS
WIT KORTMOU
KATOENHEMP
TOPS
R580
GOLFERS R340
BREËRANDHOED
R230
BUFFS
R100
JF BAND
R60
BREËRANDHOED
R230
Bestel en betaal op Karri
karri
LIP BALM
R30
R80
#TROTSJF

Oester JF
Die storie agter die stories
Volg ons op



# NASIONALE VROUEDAG: WAAROOR DIE BOHAAI?

Verbeel jou … Dis 1959 in Suid- Afrika, en om jou is daar meer as twintig duisend vroue van regoor die land. Julle het vreedsaam opgetrek na die Unie-gebou in Pretoria en saam los julle duisende petisies teen paswette vir Afrika-vroue voor eerste minister, J.G Strijdom, se kantoordeur. Vir'n halfuur lank is daar 'n doodse stilte oor die skare ... en dan begin die eerste stemme opklink: "You strike a woman, you strike a rock!"

Op hierdie dag het vroue bewys dat hulle 'n stem het, en dat hulle hulle stemme kan dik maak sonder om geweld te gebruik.

En daardie selfde gees van samehorigheid op 9 Augustus 1959 leef nog steeds binne elke meisie in JF. Kom ons as JF-leerders ondersteun mekaar en werk saam, want ek weet – saam is ons 'n rots – 'n krag om mee rekening te hou.



Corlé Roos
SKRYWER

Oester JF
Die storie agter die stories
Volg ons op

Jaco Deysel
SKRYWER



# JIM FOUCHÉ SE NUWE ONDERWYSER: 'N MASJIEN?

Tik. Klik. Klaswerk klaar.
Hy is nie meneer Fourie of mevrou Ferreira nie. Hy het nie 'n handskrif of 'n humeur nie. Hy géé nie huiswerk nie – hy dóén dit. Sy lessenaar is 'n skerm. Sy brein? 'n Netwerk van miljarde datastukke. Sy stem klink soos 'n koel radio-omroeper. En hy weet alles. Ja, álles.
Ek stel voor: Jim Fouché se nuwe "onderwyser". Nie van vlees en bloed nie, maar van kode. Nie 'n opvoeder nie, 'n algoritme.

**WELKOM BY DIE KI-ERA.**

Dis nie meer 'n futuristiese droom of 'n wetenskapsfiksiefliek nie – dis nou. In JF se gange word opstelle geskryf sonder 'n pen in die hand. Wiskundevrae word opgelos sonder 'n enkele som. Vraestelle word voorberei sonder leer. Sonder dink.
Kunsmatige intelligensie (KI) het nie stilletjies ingesluip nie, nee, dit het ingebréék. En ons het die deur oopgelos. ChatGPT, Grammarly, Wolfram Alpha… word die nuwe topstudente. Slimmer. Vinniger. Nooit moeg nie.
Maar is KI bloot 'n nuttige hulpmiddel? Of 'n gemaklike vlugroete weg van ware leer?
Sommige sê dit is rewolusionêr. Ander sien 'n generasie wat vergeet het hoe om self te dink. Jy tik. Woepswaps, antwoord verskyn. Netjies, foutloos, indrukwekkend. Maar het jy werklik iets geleer? Of het jy net die illusie van kennis gekoop?
Ek het gaan luister in die gange van Jim Fouché. Wat sê ons leerders?
"Ek gebruik ChatGPT vir elke opstel. Nie omdat ek nie kan skryf nie, maar omdat ek nie tyd het om te sukkel nie."
– Graad 11-leerling
"Ek voel soms soos 'n bedrieër ... maar ek kry punte."
– Graad 12-leerling

Waar sommige leerders uit skuldgevoel kies om nie KI vir skooltake te gebruik nie, word dit 'n kruk vir ander wat nie twee keer dink voor hulle dié alle-wetende onderwyser raadpleeg nie. Wanneer ek 'n graad 12-leerder vra of dit regverdig is, sê sy eenvoudig:
"Dis net nog 'n bron. Soos 'n handboek. Net op 'n digitale muur."
Maar dan is daar die onderwysers. Party weet (Mevrou Millie). Party vermoed. Maar baie weet nie hóé om teen KI te veg nie, en selfs of hulle moet veg nie.
Ons hoofdogter, Lisa Botha, sê iets wat vashaak:
"JF moet nie noodwendig 'n beleid teen KI instel nie. Ons moet ophou veg teen onvermydelike verandering. Ons moet KI leer gebruik. Slimmer. Kreatief. As ons aanhou terughou, gaan JF agter word. Daarom moet ons dit omkeer en eerder as 'n wapen gebruik om JF en sy leerders vorentoe te dryf."
So wat nou? Gaan KI ons onderrig verbeter… of uitwis?
Die dilemma is skerp. As leerders géén KI gebruik nie, raak hulle agter op 'n wêreld wat vooruit storm. Maar as hulle KI vir alles gebruik, verloor hulle hulleself.
Aanvanklik het ons gesê, "Gebruik ChatGPT net vir inspirasie. Gebruik Grammarly om jou grammatika te verbeter." Nou doen dit ons werk. Ons dink nie meer nie. Ons tik net.
En toe gebeur dit: Die masjien weet méér as die onderwyser. Skielik vra kinders: "Waarom moet ek luister? Die masjien is vinniger. Beter."
Hierdie nuwe onderwyser is nooit moeg nie. Hy raas nie. Hy vergeet nie jou naam nie. Hy antwoord onmiddellik. Hy is altyd daar. Maar ...
Hy verstaan jou nie. Hy voel nie vir jou nie. Hy het nie daardie meneer-De Wet-humor nie. Hy lag nie vir jou grap nie. Hy gee nie om as jy sleg voel of 'n slegte dag het nie. Hy sien jou nie.
Jy is net 'n opdraglyn.
Die gevaar is nie dat KI slimmer is nie – die gevaar is dat dit jou onmerkbaar vervang. Jy sien nie hoe dit jou denke vorm nie. Jy sien nie hoe jy verander van 'n leerder in 'n gebruiker nie. Jy kry punte. Jy slaag. Jy voel slim. Maar jy het niks ontdek nie. Jy het niks geleer nie.
Jim Fouché se nuwe onderwyser is dalk 'n masjien...
Maar die vraag is: Hoe lank nog voor ons ook masjiene word?

Hoërskool

# Jim Fouché

bied aan:

# 20 Sept '25

Volwassenes: R 150
Leerders: R 100
Voorskool: Gratis

Kaartjies beskikbaar op Karri en Quicket

# VAT VLAM

- Bring jou eie piekniekmandjie met kos en drinkgoed
- Kos- en koeldrankstalletjies sal beskikbaar wees
- Groot opelugsokkie
- Hekke open om 17:00



# Barto

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES

**Kom geniet 'n aand vol musiek en ontspanning**


STONEY'S
Wheel & Tyre
Hoërskool
Jim Fouché
HOËRSKOOL JIM FOUCHE
SAAI OM TE OES
GHOLFDAG
2 Oktober 2025
Schoemanpark
Bbs scramble drive (Drive only)
R 500
per persoon
R2000
per 4-bal span
4 BAL-KOSTE SLUIT IN:
Registrasie
Middagete
'Goodie bag'
Ligte aandete
VIR NAVRAE, BORGSKAPPE
EN INSKRYWINGS KONTAK:
Merice - 082 908 9061
bemarking@jf.co.za
Groot pryse
vir almal!!

JF-HOKKIE HOU...

# Milkshake-week

Bob's Gourmet Milkshake Bar

| | |
|---|---|
| 25 Augustus | **Graad 8** |
| 26 Augustus | **Graad 9** |
| 27 Augustus | **Graad 10** |
| 28 Augustus | **Graad 11** |
| 29 Augustus | **Graad 12** |



## Bestellings op Karri

***Regular: R65***
***Large: R85***



## Flavours:

Oreo Kondensmelk
Choc chip cookie dough
Milo
Strawberry candyfloss
Bubblegum candyfloss

Milkshakes wat bestel is kan gedurende pouse op die teerblad afgehaal word.

# Baie dankie aan ons advertensie borge!

Wirulink
Awerbuchs
Toyota
Frogfoot
CTU Training Metro Real Estate
NTT Suzuki
Efficient Group
Akademia
McDonalds
OVK
Free State Paving
FS Apparel
Panarotti's
ChemDry
Build it
OHS Consultants
Impa
Jewel Craft
Itau Animal Feed
Engen
Big Sky Coaches
Handy In
Local Choice Apteek - GardeniaPark
R&L Engineering
Legacy Invest
SA Home Loans
Loots Plumbers
Platinum Global

Baie dankie aan ons advertensie borge!